

'n Loserder van Alba Bouwer het "Die nag van die ooms" as radioverhaal eervaar en was verontwaardig dat die gepubliseerde weergawe daarvan nie volledig was nie. Ek het, op aandrang van vriende, die passasie op p. 8 weggelaat. Hulle en ek - het besluit: Too much of a good thing. Die tikskrif is waarskynlik al voorbeeld van die "volledige" verhaal.

DIE NAG VAN DIE OOMS

H Aucamp
16 Jan 1997

HENNIE AUCAMP

Bevat 'n passasie op p. 8
wat in die finale weergawe
weggeval het. Kan dalk
in inleiding aangehaal word?

Daar lank loop ek met n knaende behoefte om te huil.
Maar ek huil nie maklik nie, al wil ek ook. Toe kom die
huil in my slaap. Ek ruk en ruk en net voor ek wakker word
van my eie stem, hoor ek Pa bekommerd vra : Wat is dit tog,
my arme kind?

Ek sit op die bedrand en wonder of ek verlig is. Ek
steek n sigaret aan. Na n lang ruk begin ek bewe, want
ek het onthou: my pa is dood.

En nou's die poort gesluit : die laaste oom van Die
Poort is weg. Ooms met baarde en wysheid en koppigheid,
heer van hul hoewe, baas op hul plaas. Verby en soos n
nagwaak, en hul plase en plasies ken hulle nie meer nie.
Patriarge : oom Sefanja en oom Nels. Kleinboere, bywoners :
oom Terpie en oom Rosie en oom Jan. En somer net ooms, Pa
en oom Teuns en oom Kassen oom Tien. Verby soos die trots
mooi diere van n vroeër tyd : die kwagga en die Kaapse leeu.

Ek luister na die meulsloot wat voor die woonstel verby-
loop; dis twee-uur en dis stil. Af en toe hoor ek n padda,
of n hond wat in die verte blaf, soos op n plaas. Dit word
baie stil na n duif in die stilte gekoer het.

Daar is mense wat die aarde n leeftyd bewandel en dit
nooit ken nie.

Daar is mense wat sê: niks op aarde bind ons nie. En
vergeet dat die grond hul bind. Uiteindelik.

My ooms het almal goed geaard.

Sal ek probeer slaap? Maar slaap slaap jy, jy probeer
nie. n Nagwaak, weet ek, het begin.

Hoe't dit gekom dat ek saam met Pa na die waak is?
Dit was tog g'n gesig vir n kind nie : n ouman wat hardop

bid om verlossing, maar nie sterf nie? Die kamer was galsterig en muf en benoud, die gordyne byna toe. Die Bothavrouens, jonk reeds swaar van lyf en traag van beweging, het agter sakdoekies gesug, gehuil, en gefluister: Dat die dood so taai kan wees. Arme, arme Pa.

Oom Sefanja se lippe was - ja, nou onthou ek die uitdrukking weer - sy lippe was so swart soos pypolie.

Ek is saam met n klomp kinders in n dubbelbed gebondel. Een van die groter seuns het gevra: Is julle reg? en die kers doodgeblaas. Eers toe ek die venster in die donker uitmaak, kon ek weer asemhaal. Twee van die seuns het lê en fluister:

"Dis oor Oupa die kaffer doodgeslaan het."

"Watter kaffer?"

"O, baie jare terug; Oupa was nog ongetroud. Die magistratuur het die ding toegesmeer. Oom Doon het mos die man se naam."

Net na oom Sefanja sy asem uitgeblaas het, het die sweer onder sy arm oopgebreek.

Ek en Pa is in die vroeë ure met die kapkar huis toe; n silverige more met mis in die vleie. Pa het kort-kort by n plaas ingedraai en die tyding gebring: Ja, vanmore om tien oor vier. En toe breek die sweer net na sy dood. Met permissie gesê, n kommetjie vol.

Ou dominee Landman het uit Kronieke gepraat:

"Doch deze dingen zijn oud."

n Vrou met n sluier het so n entjie van die graf af by oom Doon gestaan en hom probeer troos, maar oom Doon was nie te keer nie: "O, die skande. Om alles op sy sterfbed uit te blaker. Ek sê vir jou, ek's kwaad vir Pa!"

Oom Rosie was nie n boer nie, hieroor was almal dit eens, maar hy had n kop vir boeke, en hy was uit n goeie familie. Hy was baie jare lank deelsaaiër by oupa; van sy platdak-huis staan vandag nog net een kamer. Nie dat die huis veel groter was nie: daar was n sitkamer, n kombuis, n slaapkamer; die slaapkamer n trap laer as die sitkamertjie, n donker vertrek met n grondvloer en velle en n voorstelling uit Openbaring: die lam en die leeu wat in vrede leef. n Platdakhuis van rooiklip - klip wat afgee aan jou, en blus in jou mond en souterig proe; kriebosse op die kaal erf en op die wal van n leidammetjie. En in die omgewing het hy sy spreuke gedink. Hier en daar kan iemand nog n spreuk onthou, dinge soos:

Effens skeef is Engelsgesind;

Of: Jaloesie is n siekte, maar ook n straf, want jy gaan nie daarvan dood nie;

En bowenal: Daar is nie n hel nie. Die een mens is die ander se duiwel.

Laasgenoemde lank voor Sartre.

Aardig, het die mense oom Rosie genoem, en eienaardig, die klein oomple met sy skewe skouer en knypstappie.

Nooit ; verskriklik nie.

Oom Rosie het ook musiek gemaak. Op someraande het ons oorgery of -gestap na sy platdakhuis en stoele op die kaal werf uitgedra. Dan het oom Rosie konsertina gespeel en die paddas en krieke doodgesing:

Jy lyk vir my so mooi in jou ou papawerjas;
ek kry jou altyd liewer en ek druk jou vas!

Die oom van Die Berge was n verskrikking: n vals profheet. Na jare van ballingskap op n plasië hoog in die berge het hy

dorp toe gekom en vir die eerste keer in sy lewe n radio gehoor. Hy't oor die dorpsplein gehardloop, klerie in die hand, sy baardjie skeef in die wind, met kinders en honde en klonkies agter hom aan, en so ver hy gaan, roep hy met n groot stem uit: Berei julle voor, o sondaars; die bees wat bulk is hier!

Vir hom kon n mens bang wees, maar nie vir oom Doorsche nie, al was oom Doorsche ook getik. Want oom Doorsche was so uitgelewer aan die lewe dat selfs n kind, in al sy wreedheid, vir hom jammer moes voel.

Die Else het op n keer in die roubaksteenhuise by oom Tien gebly. Baie aantreklik, het die mense van oom Doorsche gesê en bedoel: hy trek hom dinge so aan. Die mans, selfs sy eie broers en pa, het gedurig gek geskeer met hom. Hulle vat n sak vol miskoeke en sit dit langs oom Doorsche neer: "Toe nou", sê hulle, "kyk mooi, die n vroumens; sit op met haar". En oom Doorsche slaan sy arm om die sak, en koer en kwyl, en kyk op na die meisie, maar sy oë kan ek nie sien nie, want sy laphoed was te laag oor sy oë getrek.

Maar niemand had nodig om hom te vertel dat blomme getoorde prinsesse is nie. Langs die tuinmuur het n vlieërbos gestaan waarin bye en vlieë somers gedreun het. Met die blomme het hy gepraat, sag en vriendelik en pantiend. Soms het hy hulle afgepluk en in n ry op die tuinmuur staan-gemaak. Maar vir sonneblomme was hy bang.

Oom Rosie het nooit vir oom Doorsche gelag nie; tussen al die rooi gesigte, dik en lelik van die lag, 'n ernstige gesig. Want oom Rosie het geweet; die waansin is n ander syn.

As ek n toenaar was, sou ek die eerste miskoeke toring in die veld, die eerste bessiebos of kopseerblom besweer en sê: W'rd oom Rosie, en terstond! En ek sou net daar met n bandopnemer gaan sit en die wysheid van n leeftyd opeis. In naam van die volk.

Daar is rose wat in verlate tuine blom, gewillig in weerwil van droogte, en blom en verval. Maar n roos moet tog vir iemand bestaan? Is dit dan nie so nie: dat ander ons bestaan bepaal? Of dit altans: die gehalte van ons bestaan?

Pa en Ma het nie hul kinders maklik uitgeleen nie. Ons het net die twee, het hulle gesê, ons gaan nie skade soek nie. Maar na oom Tien en tant Nel kon ons altyd weer gaan.

Ek onthou een laatmiddag, n somermiddag met heuninglig. Ousie en tant Nel was by die huis, ek en oom Tien was in die vlei. Die vlei het mals geruik; na jong gras wat n dag lank in die son gestowe het, na wilde-als en balderjal en modder; en ek was dronk van eie jeug.

Toe hoor ons n koei kreun. Haar horings en ore en die bult van haar maag steek bo die blougras uit. Pa sou sy weggelei het; nie oom Tien nie. Want oom Tien was n deurwaste kinderkenner. "Ons bly", fluister hy opgewonde, "dit kom al".

En sowaar: die voerpote en snoet van die kalfie kan al gesien word. Die koei steun laag en kom orent. Kort voor lank is die kalfie daar: blink en verward, op onseker pote, n wit driehoek op sy voorkop.

"Mooi geteken", sê oom Tien, en vee oor sy oë. "Mooi". En hy praat nie net van die kalfie nie.

Oom Tien was nie n boorling van ons wêreld nie, en al het hy dié raadgewer van Die Poort geword - hy't onder andere die hingste van die buurt reggemaak en families en man en vrou met mekaar versoek en in rade gedien - , sou hy altyd n Bolander bly: n mens wat hom bo die ellende van die oomblik kan uitlag. Oom Nols het die ding sê

uitgelê: "Onse mense is harmansdrup-in-die-winter, maar Tien se olie, broertjie, Tien se olie lóóp!"

Liefde en respekte: die dinge hoort saam. Nee, hardop het ek hom dit nooit hoor sê nie; sy werk was sy getuie. Sy appelboord, sy rose, sy perskes. En perskes ruik soos rose, en rose ruik soos perskes; water in die leivoor, oom Tien se broek opgerol tot onder sy knieë, en hy sing: Vanaand gaan die volkies koring sny, of hy gooi n kluit dat die water so staan. Soms het hy so lank oor n akker gebuk gestaan, sy wit bene wyd uitmekaar uit, sy vingers in die grond, dat ek benoud begin word het: sê nou daardie vingers en tone groei af in die grond in, áf, áf, áf?

Ek was onlangs op jou werf, oom Tien; ek móés gaan. Ja, die plaas is nog verhuur en Dries is n goeie huurder, hy verniel die grond nie, maar wat kan ons teen die droogte vermag? Verlede jaar was darem baie mooi, net jammer van die kraakstewels en die bitterbossie. Geel plate, van Oos-Londen af op; en Attie Jordaan van Pimgradia sê van sy plaas af tot in Natal toe het hy dieselfde ding gesien: geel net waar jy kyk. Ja iets moet gedoen word. Die Boerevereniging of die Regering moet inspring en doodspuit.

Groei is mooi, het oom Tien geglo, maar groei moet bedwing word; snoei terug die boord; snoei terug die roos.

Ek was op Vinkelfontein se werf.

By die strooise geen teken van lewe nie; geen kleingood, honde, rokies nie; die drade kaal, sonder komberse, elke stroois n leë dop.

Maar die huis self, vreemd genoeg, het my nie as verlate getref nie: dis n huis wat op sy mense wag. Agter die blindings, so stel ek my voor, staan elke meubelstuk op sy plek. Die erdekruik en die ingeduike blikbeker. (Dis die eerste ding wat hy doen as hy van die veld af kom, oom Tien, drink bekere vol uit die erdekruik.) Die rak met die rooikoperketel. Die stoele wat uit Tulbach kom.

Voor die deur sing die telegraafpale; daar's water in die krane; die werf is bont van die gousblomme en syerige Kaliforniese papawers, en in die denne raas die duiwe. Ek weet dit nou, oom Tien, maar ek sal dit nie verder aangee nie: op maanligaande kom lei jy in die boord. En die snoeiskêr waarna almal op die vendusie gesoek het, dié't jy weggesteek. Lag harder, oom Tien, kom nader?

Ek moet oom Tien van die begrafnis vertel. Tant Nel was dapper, nes oom Tien dit wou gehad het. Nie gehuil nie. En niemand het haar gestut nie. Sy't regop die kerk binnegestap, die kinders en skoonkinders agter haar aan. Mooi gelyk; hare netjies, lippe rooi. Soos dit hoort. Smart is n private saak.

Hoe dit nou met haar gaan? Goed en ook nie goed nie. Sy soek nog altyd. Almal droom van jou, sê sy, net sy nie. Ek wil nou nie voorbarig wees nie, oom Tien, maar as jy iets kan reël? Net één mooi droom: n dood-, doodgewone werksdag op Vinkelfontein?

Oom Kas kón nie duur nie; hy was te gul. Boude soos boerpampoene, en n lag en n stem wat n huis laat skud.

Beeste was sy lewe. Hy was n stoetboer wat swaar bulle uit Friesland laat kom het. Op n keer sêlf een gaan haal. Dit was soos n monumentonthulling: n nuwe bul van ook Kas. Die ou saaiër, het die boere n bul genoem, en met n ondeunde lig in die oë: "En die bôgger dink hy wêrk!"

Op n dag moes ek opsluit saam met Klein-Kas na sy pa. Hy wou trouplanne aanroer en had steun nodig.

"Met oom Tewie se meisiekind?" Oom Kas begin gevaarlik swel.

"Hoekom nie, Pa? Sy kan nie help vir haar pa nie".

"Dis waar. Maar sy's nog n tweetand".

"Sy's mondig en aangeneem".

"Sy's te lank in die lies".

"A, nee, a, Pa, kyk weer. Sy sal n kalf gooi soos min".

Oom Kas het weer gekyk en Klein-Kas het sy sin gekry.
En Klein-Kas doop nog al die tyd.

✓ n Plaashuis moet n solder hê. En n hoërige oop stoep met n oupa. Die stoep moet van leiklip of nabank wees, met skeure en gate vir geitjies.

Lankverwacht was so n plaas. Oom Nols was die oupa. Hy was nie slim soos oom Rosie nie, maar wys: Hy kon sy kennis vertolk. En dié kennis het hy rustig bymekaargemaak, tagtig somers lank.

Sy baard was wit met n effense kartel. Ma't altyd gesê: "Dit moet ek darem vir Mieta sê: sy hou haar ou vader pragtig skoon". Watter beperkings die stomme Mieta had, weet ek nie, maar haar koffie was puik en haar koekies bros en geurig.

Onder die stoep op Lankverwacht het n ry saliebosse gestaan. Terwyl ek die rooi blommetjies uitsuig, luister ek na die grootmense en wens hulle wil my vergeet dat ek alles mag hoor. Maar Pa het altyd die spel bederf: "Toe nou, Stoffeltjie, tyd om te loop speel!"

✓ Oupa Nols se verwysingsveld was tot die Bybel en die Boere-oorlog beperk, maar daar was niks op die ondermaanse wat hy nie na sy bronne kon herlei nie. Ek dink al hoe meer dis die fout met ons tyd: ons weet te veel, vertolk te min. En sterf on-wys.

My ooms het huise en krale en stalle gebou, meestal van sand- of ysterklip van Die Poort; hulle't kweperlanings en

peer- en moermeibome geplant en aantelue ingeboet en ertappels opgeërd en moddervisse uit Holspruit getrek; hulle het in die Bybel geglo en hul tiendes gegee en die vanselfsprekende dinge gedoen: getrou, kinders versorg, gewerk, met die seisoene saangeleef en uiteindelik gesterf; en nooit geweet dat eenvoud n deug is nie.

Durf ek sê: "een van hulle was doodgewoon?"

X Pa was ook n oom. Oom Petrus vir almal op die dorp, van die dominee tot die grofsmid; oom Petrus vir die laaste kind; oom Petrus vir Die Poort. En ná oom Tien moes hy probeer om vrede te herstel waar daar onmin was, en met die roekelose mannetjies praat wat hul erfgeld aan vertoon bestee. Maar vir my was Pa nooit volledig nie. My suster had n sleutel tot hom, ek nie. Vir haar was hy volledig, vir my nie.

En tog wou hy by my uitkom, tot die laaste toe. Toe die einde kom, had hy die moed om vóór my weerloos te wees. Hy't nie weggesteek dat hy bang is nie. En ek het my geskaam om sy angs.

X En nou't die jare my ingebreek tot mededof, maar jy sal dit nie weet nie, Vader. Moét pa's dan sterf om vir hul seuns te lééf?

Dit word dag teen die ruite en voëls begin kwetter, en melk word afgelewer.

Het ek tóg geslaap, of wakend gedroom?:

Om n oop graf - miskien my eie - staan al die ooms van Die Poort, hoed in die hand, maar hulle kyk nie in die gat af nie; hulle kyk na bo of hul wolke soek, en hulle sing sleperig en skor: Kent gij dat volk?

Aarde, gaan oop, en gee ons Boere aan ons terug!

Hennie Aucamp

Weggeleat in finale konsepsie